God Wat Homself Identifiseer Deur Sy Karaktertrekke

Ek was net soort van verras om my vriend, Joseph Boze, daar te sien, en ek het omgedraai en 'n bietjie van die tyd geneem om sy hand te skud.

2 Laat ons nou blaai in die Woord van God, na Hebreërs, die 1ste hoofstuk. Ek wil lees, vir 'n gedeelte, die 1ste, 2de, en 3de vers, om 'n teks uit te neem vir die aand.

> *Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in die laaste dae tot ons gespreek deur die Seun*
>
> *wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, deur wie Hy ook die wêreld gemaak het.*
>
> *Hy, wat die afskynsel is van Sy heerlikheid, en die afdruksel van Sy wese en alle dinge dra deur die woord van Sy krag nadat Hy . . . het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte,*

3 Laat ons ons hoofde nou buig vir gebed. En nou in Sy Goddelike Teenwoordigheid, as jy enige versoek het wat jy graag bekend gemaak wil hê aan Hom, sal jy net jou hand opsteek, en dis jou versoek, dat God sal . . .

4 Ons Hemelse Vader, ons kom nou op voor U troon, deur geloof in die Naam van Jesus Christus, U Seun. En ons is hierdie versekering gegee, dat: "As ons enigiets vra in Sy Naam, sal dit gegee word." En U ken ons begeertes en ons behoeftes, en U het belowe dat U alles waaraan ons 'n behoefte het, sou voorsien. So, Vader, ons sou bid soos U ons geleer het: "U Koninkryk kom. U wil geskied op die aarde, so ook in die Hemel." Dat ons versoek, vanaand, volgens U begeerte sou wees om dit te gee, en gee aan ons hierdie voorregte. Salf die Woord, Here, en al die sprekers en die hoorders, en mag die Heilige Gees inkom en die doener van die Woord wees, vanaand, onder ons. Want ons vra dit in Sy Naam. Amen.

Julle mag sit.

5 Môreoggend, verstaan ek, is die Volle Evangelie Sakemanne se ontbyt. Gewoonlik, waar hulle 'n tak het, het ek die voorreg om by hulle ontbyt te praat. Tot op hierdie tyd, is dit die enigste

organisasie, wat nie ’n organisasie is nie, maar, die enigste groep waaraan ek—ek behoort, is die Christen Sakemanne. En nou is ek net ’n spreker vir hulle, internasionaal.

6 Nou, vanaand, vertrou ons dat hierdie byeenkoms nie tevergeefs sal wees nie. Ek het na julle toe gekom, moeg, ’n vermoeide keel, en ’n bietjie brongiale gekry van . . .

7 Ek kom van Tucson af waar dit baie goed en droog is, en ek het hiernatoe gekom en dis regtig goed en nat, so daar’s nogal ’n kontras. As julle almal net al die water hier oorkant geneem het, as julle dit net na ons kant toe sou stuur, sou ons dit waardeer. Maar julle kan dit natuurlik nie doen nie.

8 Maar ek sê julle een ding, daar is ’n gelykenis daar. Al ons—ons—ons dinge in Arizona, ons bome, is vol dorings. Alles het ’n doring. Dis omdat dit droog is. Nou as daardie selfde bos hier oorkant gegroei het, sou dit ’n mooi pragtige blaar wees. Sien, dis sonder water, dis waarom dit ’n doring word.

9 En wanneer die kerk sonder die Water van die Lewe raak, word dit droog en stekelrig, ook, steek en slaan na alles. Maar waar die Water van die Lewe vloei, maak dit die blaar oop en maak dit sag, gemoedelik en soet, heilig en aanvaarbaar vir God. So mag die Here God ons water gee, vanaand, dat ons nie dorings sal wees nie; maar ons goeie blare sal wees dat die verdwaalde mense onder die boom van ons skaduwee kan sit en rus vind vir hulle siele.

10 Nou ek wil die teks neem, vanaand, as die Here wil, en ek trek hierdie mikrofoontjie net so naby as wat ek kan, as gevolg van ’n gebrek aan stem. Ek wil, uit die voorgelese gedeelte hier van Hebreërs 1:1, wil ek ’n teks neem van: *God Wat Homself Identifiseer Deur Sy Karaktertrekke*. Mag ek dit weer herhaal, want ek weet die akoestiek hier is swak. God identifiseer Homself deur Sy karaktertrekke.

11 Nou, omtrent enigiets word geïdentifiseer deur sy karaktertrekke. En ek het ’n paar Skrifte hier wat ek sal . . . En oplet, waarna ek graag wil verwys. Nou, ’n karaktertrek van enigiets identifiseer wat dit is.

12 Nou, soos in die hele natuur, blomme word geïdentifiseer, baiekeer, volgens hulle karaktertrek. As hulle naby mekaar is, van een spesie tot ’n ander, sal die karaktertrek van daardie blom identifiseer watter blom dit is. En in die natuurlewe, baiekeer . . .

13 Ek, ek’s ’n jagter. En jy moet die karaktertrek van die dier ken wat jy jag, of partymaal kan jy beslis mislei word. Byvoorbeeld, soos die Bergskaap, ver bo in Brits—Columbië. Ek was net onder die Yukon, verlede herfs, ’n klomp van die broers hier nou was saam met my, en ons het gejag.

14 Nou as jy nie die verskil ken nie, wanneer jy ’n skaap of ’n takbok gevolg het, jy kan nie die verskil sê behalwe as jy ’n geslepe jagter is nie. Want, hulle maak dieselfde soort spoor;

hulle spring wanneer hulle weghardloop. En dan sien jy een staan op 'n afstand, met sy kop versteek, wel, jy—jy ken kwalik die verskil. Hulle is omtrent dieselfde grootte oor die kruisdeel; dis wit, net soos die takbok. Dit sou baie moeilik wees om hulle uit te ken. Maar sy horings identifiseer sy karaktertrek, deur daardie horings. Die skaap het 'n horing wat krul, en 'n takbok het punte wat opsteek. En nog 'n ding, 'n takbok sou nie heeltemal so hoog gaan, om te vreet nie.

15 En dan die bok, wat stap, ook, daar is 'n karaktertrek in 'n bok, en 'n skaap, dat jy die verskil in hulle moet ken, wanneer jy hoog op is, want hulle woon albei hoog in die berg. Jy moet die verskil ken. Maar as jy oplet, 'n—'n bok struikel homself soos hy loop; waar, 'n skaap sy voete neersit soos *hierdie*, soos hy loop. Die karaktertrek van die manier wat hy sy spoor maak. Jy identifiseer jou wild deur die karaktertrekke van wat dit doen, en hoe dit optree, en wat dit vreet, en alles. Dit identifiseer homself deur sy karaktertrek. En dan maak jy een skrik, en kyk wat dit gebeur, dan kan jy sê hoe hulle gaan. Jy kan sê deur die karaktertrek van verskillende dier.

16 Dan het julle ooit opgelet, ek weet nie of julle hulle hier het of nie, geelgorse; wel, fladderaar is die regte naam vir hulle, en 'n spotvoël. 'n Spotvoël is omtrent die grootte van 'n geelgors. En jy die twee sien vlieg, hulle is albei omtrent dieselfde soort voël. As jy nie die kleur kan sien nie, maar hou hulle net dop, jy kan sê watter is die geelgors. Die spotvoël vlieg, min of meer, in 'n reguit lyn. Maar die geelgors, wat sy vlerke klap; soos hy sy vlerke klap, gaan hy af en dan op, af en dan op. Sien, hy laat homself spring, soos *daardie*, en jy kan sê dis die karaktertrek van die geelgors, hoe hy vlieg.

17 As jy oplet die—die kwartel, wanneer hy uitkom, die manier wat hy opkom. En hou dan dop as jy in 'n moeras is, waar kwartels mag wees, en 'n—en 'n snip. Julle jagters weet dit. Die Wilson se snip en die kleinsnip, hulle identifiseer hulleself op die manier wat hulle uitkom en die manier wat hulle gaan. Hulle identifiseer deur hulle karaktertrek van vlieg, van watter soort voël hulle is. Daarom, as jy hulle net gehoor het, kan jy net sê wat dit is, die manier wat hy uitgegaan het, wat hy is, deur die karaktertrek van sy vlug.

18 Soos 'n man en 'n vrou. Hulle is albei mense, maar 'n vrou het 'n ander karaktertrekke as 'n man. Ek het hier gelees, 'n tyd gelede, oor Salomo en die koningin. Ek het nooit daarby uitgekom om my boodskappie hier te preek, vir julle, oor die koningin van die Suide, wat opgekom het om Salomo te sien, en daardie gawe van onderskeiding gesien het nie. Ek het daarvan gelees, hier nie lank gelede nie, en hulle het gesê, dat: "Een van die raaisels wat voor Salomo geplaas is, was, hierdie koningin het 'n vrou geneem, vroue, liewer, en hulle aangetrek soos mans."

19 Nou, dit was vreemd in daardie dag, maar dit is sekerlik byderwets, vandag. En, en julle weet dis verkeerd. Die Bybel het gesê 'n vrou behoort dit nie te doen nie. "Dis 'n gruwel vir 'n vrou om 'n kledingstuk aan te trek wat aan 'n man behoort." En die onveranderlike God het dit gesê, so dit is waar.

20 So ons vind uit dat Salomo, hulle skaars dopgehou het, hy het hulle laat loop, of iets doen, en sê dadelik: "Dit is vroue." Sien, hy kon sê deur die karaktertrek van daardie vrou, die manier wat sy haarself hanteer het, dat sy vrou was en nie man nie.

21 En dan omtrent enigiets op daardie manier, met sy karaktertrekke. Net soos baie mense linkshandig is, en regshandig. Hulle is kenmerkend op die manier wat hulle hulleself hanteer. Jy kan sê of dit 'n regs— of die linkshandige persoon is, deur die manier wat hulle hulleself hanteer, die manier wat hulle altyd uitreik met daardie linkerhand of regterhand.

En onthou, Jesus het so—iets gehad, wat . . .

22 Twee hande is omtrent amper . . . Hulle is dieselfde. Hulle het dieselfde soort duimafdrukke, vingerafdrukke, vyf vingers; pinkie, wys, ensovoorts. Net soos die regterhand en die linkerhand dieselfde soort vingers het, normaalweg, selfde grootte hand, net presies. En die enigste verskil wat daar is, in hulle, is een is linker en die ander een is regter. Dis die enigste verskil wat jy kan sê. Een is linker, die ander een is regter.

23 So dan daarin, Jesus het gesê . . . Ek mag 'n puntjie hier insit. Jesus het gesê, in Matthéüs 24, dat: "Die karaktertrekke van die Gees sou soort van dieselfde wees in die laaste dae, so naby dat dit die einste Uitverkorenes sou mislei as dit moontlik was." Sien, hulle sou net . . .

24 Jy neem jou hand en hou dit net op. Sien, as jy nie oplet nie, een van hulle lyk soos die ander, op elke manier, maar een van hulle is links en die ander een is regs.

25 Dis hoe die geeste is in die laaste dag. Hulle is soort van dieselfde, maar hulle het 'n karaktertrek wat hulle identifiseer. Een is reg, en die ander een is verkeerd, en dit kan geïdentifiseer word deur sy karaktertrek.

26 Die Gees van God kan geïdentifiseer word deur Sy karaktertrek. Sien? Die Gees van God, en die gees van die kerk. Daar is 'n kerkgees, en 'n Gees van God, wat absoluut glad nie soos die kerkgees is nie.

Daar is 'n denominasionele gees.

27 Daar is 'n nasionale gees. Daar is 'n gees van die volk. Elke volk, wanneer ek ingaan, jy daar instap, vind jy 'n ander gees. Ek het in Finland ingegaan, goeie mense, maar daar was 'n Finse gees. Ek gaan af in Duitsland in, daar is 'n Duitse gees.

28 Hier nie lank gelede nie, het ek saam met die vrou gegaan, toe ons nog in Indiana gewoon het, 'n paar jaar gelede, oorkant na die supermarkie toe. Ek het pas huis toe gekom. Ons moes 'n bietjie kos gaan kry. En op my pad soontoe, ons . . . Dit was die somertyd, julle mag dit miskien nie glo nie, maar ons het 'n dame gevind met 'n rok aan. En dit was so vreemd, ek . . . Dit het my geskok. Ek—ek . . . Ek het gesê: "Kyk daar, dit lyk vreemd, daardie vrou dra 'n rok." Die res van hulle het klere gedra wat nie . . . nie by 'n vrou hoort nie. En—en sy het gesê . . . Ek het gesê: "Wel, dis net die Amerikaanse gees, sien, die gees van Amerika."

29 Nou, gees van Amerika, dis 'n . . . veronderstel om 'n Christenvolk te wees, maar die gees van hierdie volk is nie Christen nie. Dit mag 'n Christenvolk genoem word, maar dis 'n miljoen myl daarvandaan, in karaktertrek. So, hierdie vrou, ek het gesê . . .

Sy het gesê: "Wel, is ons nie Amerikaners nie?"

30 Gesê, ek het gesê: "Nee. Ons woon hier. Hierdie is ons land. Ons . . . Ons—ons bly daarin. Ons het dit lief. Dis die beste volk in die wêreld. Maar, tog, is ons nie Amerikaners nie." Ek het gesê: "Ons is gebore van Bo. Die Heilige Gees het afgekom, en ons behoort aan 'n Koninkryk. Dis nie van hierdie wêreld nie." Ek het gesê: "Dis waarom ons susters rokke dra, lang hare dra, nie grimering dra nie. Sien, hulle karaktertrekke identifiseer hulle as 'heiligheid vir die Here,' van Bo."

31 Daarom, ons soek na 'n Koninkryk. Ons soek na 'n Koning om te kom en Sy onderdane te ontvang na Sy Koninkryk. En hulle word geïdentifiseer deur hulle—hulle karaktertrekke, dat hulle skatte nie van hierdie aarde of van hierdie volk is nie. Dis van bo, in Heerlikheid. Daarom, hulle: "Hulle soek na 'n Stad, Wie se Boumeester en Oprigter God is." Hulle is deeglik geïdentifiseer.

32 Wens ek het genoeg stem gehad om een aand vir julle te preek. Maar ek—ek gaan af daarop. Nou, geïdentifiseer deur sy karaktertrekke.

33 Ons vind 'n goeie voorbeeld hier in die tyd van Israel, wat in die beloofde land ingekom het. En God het hulle geroep volgens Sy belofte. Hy het vir Abraham gesê dat, hy sou: "Sy saad in hierdie vreemde volk sou wees vir vierhonderd jaar, en dan sou Hy hom verlos met 'n groot magtige hand. En hulle sou gaan na 'n land, dan, is belowe, wat gevloei het met melk en heuning." En toe, toe die tyd van die belofte nader gekom het, het daar 'n—'n Farao gekom wat nie Josef se groot bediening erken het wat hy onder hulle gehad het nie.

34 En, hierdie, God het 'n profeet opgerig genaamd Moses. En die man is onderrig in al die wysheid van die Egiptenare.

Sonder twyfel was hy 'n groot, slim, intellektuele man, want hy kon die Egiptenare wysheid leer. Gelyk na 'n behoorlik gerus—toegeruste man vir verlossing.

35 Maar, julle sien, wat ons verlossing noem, en wat God verlossing noem, is 'n verskil.

36 Nou kyk na hierdie man met al sy etiek. Hy het geweet hy was gebore om die kinders van Israel te verlos. Tog, met al sy geleerdheid, is dit al waarvan hy geweet het, en geweet dat hy geroep was van God om die werk te doen, hy het gehad al sy. . .Hy het sy Baccalaureus Artium gehad, en sy Ph.D., en LL.D., ensovoorts. En hy het uitgegaan om Israel te verlos, en was 'n totale mislukking.

37 Nou let op, gelyk asof, hy met sy voet op sy troon van Egipte, om die Farao te word, dat hy die kinders van Israel kon verlos het nadat hy Farao geword het, want hy was die volgende in lyn vir die—ver die troon. Maar, julle sien, dit, om dit so te doen, sou nie God se karaktertrek geïdentifiseer het om Sy volk te verlos nie.

38 Hy het gesê Hy sou hulle verlos. *Hy* sou "hulle verlos met 'n magtige hand," nie Moses met 'n magtige leër nie, maar God met 'n magtige hand.

39 Ons vind dat hierdie profeet weggehardloop het en in die woestyn was vir veertig jaar. Dit het Farao veertig jaar geneem om 'n geleerdheid in hom in te prent, en God veertig jaar geneem om dit uit hom uit te prent. So vind ons uit, eendag, dat hy, aan die agterkant van die woestyn, die Here God in 'n brandende bos ontmoet het in die vorm van 'n Vuurkolom wat in 'n bos lê. En hy's gevra om sy skoene uit te trek, dat, die grond waarop hy gestaan het, heilig was. Nou kyk na hierdie goeie, gekultiveerde, opgevoede man, wat was, hou die verandering van sy karaktertrek dop nadat hy God ontmoet het. Hy het gedoen die mees. . .

40 Partymaal doen God dinge op 'n eenvoudige manier, en so 'n dwase manier, volgens die vleeslike denkwyse. Let op na 'n man wat 'n totale mislukking was; met al die Egiptiese leërs en alles om hom om die wil van God te doen, met al sy geleerdheid, op die ouderdom van veertig jaar oud, in sy fleur. Hier is hy, tagtig jaar oud, die volgende oggend, met sy vrou wat oor 'n muil sit, met 'n kleintjie op haar heup, en 'n stok in sy hand, aan die afgaan na Egipte, om oor te neem. Jy praat van 'n belaglike gesig! Maar dit het die karaktertrekke van God weerspieël, omdat Hy 'n man gehad het wat Sy Woord sou glo. Dis al. Die ding daaromtrent is, kan jy 'n een-man-inval voorstel wat na Egipte gaan, waar, 'n leër misluk het? Maar wat was dit? Sy karaktertrek, sy taktieke het verander. Hy het gegaan in die Naam van die Here: "EK IS WAT Ek IS." Die ding daaromtrent was, hy het oorgeneem. Hy het, want hy het gegaan in die Krag van die Here.

41 Op sy pad, Israel aan die uitlei na die beloofde land, het hy in kontak gekom met sy broer, sy denominasionele broer, Moab. Nou, Moab, was onder geen omstandighede, heidene nie. Dit was Lot se dogter se kinders. Een van hulle kinders het—het Moab voortgebring.

42 Nou, daarbo, ek wil hê julle moet oplet na hierdie twee volke, in teenstelling. Hier was Egipte, 'n klein, verstrooide, geen volk om na toe te gaan nie, geen bestuursamptenare, of koning, of niks, of enige hooggeplaastes onder hulle nie, net 'n volk op hulle pad na 'n beloofde land. En hier moes hulle gaan deur die land van Moab. Dit was reg in die lyn van die belofte.

43 En Moab, ook, was 'n gelowiges in Jehova, en hulle het 'n profeet gehad, en Israel het 'n profeet gehad. Albei van hulle het profete gehad.

44 En let nou op, hulle het by die plek gekom dat die profeet van die georganiseerde volk afgekom het om hierdie ander volk te vervloek, want dit was net 'n swerwer, sonder 'n sekere plek om te bly. So hy't afgekom en daardie twee profete dopgehou. Wanneer dit by beginsels gekom het, was albei van hulle presies reg. Want, let op, Bileam, die biskop, het vir hulle gesê: "Nou bou julle vir my sewe altare."

45 Sewe is die volledige getal van God, wat die Sewe Kerkeeue verteenwoordig, die sewe dae van skepping, sovoorts. Nou let op, sewe, God word voltooi in sewe.

46 "Sewe altare, en op elke altaar plaas 'n—'n jong os." Nou dis presies dieselfde altaar wat hulle onder in Israel se kamp gehad het. Daar is hulle onder in Israel, met dieselfde altaar wat hulle hierbo het; en dieselfde offer, 'n jong os en 'n jong os; 'n profeet en 'n profeet. Twee volke, in teenstelling.

47 'n Baie volmaakte voorbeeld van die dag waarin ons lewe, as ons tyd gehad het om daarop in te gaan! Let op God wat dit doen in gelykenis, dat ons sou uitvind, vergelykenderwys.

48 Nou, ook, Bileam het 'n ram vereis op elke altaar. Dit het gespreek van sy geloof in 'n komende Messias. 'n Ram, 'n mannetjieskaap, dis dieselfde offer wat hulle onder in Israel gehad het; onder in die kamp van Israel, hierbo by—in Moab. Die beginsels, was hulle albei reg, maar, let op, in beginsel in doktrine.

49 Maar een profeet onder in Israel se kamp het die karaktertrekke van God gehad. En, die Woord van God, hy het gebly by die belofte van God, vir daardie eeu, want hy was in 'n lyn oppad na die beloofde land. Sien?

50 Nou, sover as die beginseldeel, Bileam, kon Balak net so geïdentifiseer wees as wat Moses was.

51 Maar, julle sien, Moses, wat die korrekte profeet van God was, het nie net die fundamentele dele gehad nie, maar hy het

die identifikasie van God gehad. Sien, hy was in die lyn van plig, presies wat belowe is vir daardie eeu; nie vir die eeu van Noag nie, maar vir daardie eeu. "Ek sal jou neem na 'n land wat vloei met melk en heuning." Hulle was op hulle pad, en Israel was geïdentifiseer met hulle profeet, Moses, met die Boodskap van daardie eeu. God se karaktertrekke in Moses geïdentifiseer. 'n Vuurkolom het hom gevolg. Hy het ook die versoening in aksie gehad; nie daarvan gepraat nie, maar het dit in aksie gehad. Nie wat sal wees nie; wat op hierdie oomblik is!

52 Let op, hy het 'n koperslang gehad wat opgerig is vir die siektes en kwale van die mense, daarom het Moses Goddelike genesing beoefen. Hy het die soenoffer gehad, die koperslang wat gesimboliseer het dat God in die kamp was, en die mense het gekyk na daardie koperslang en is genees.

53 Hy het ook 'n geslaande Rots gehad wat hom gevolg het. En dit het God geïdentifiseer, om die Waters van die Lewe onder hulle te hou, vreugde en verlossing, dat hulle nie sou vergaan nie, maar ewigdurende Lewe sou hê. Dit was 'n tipe van. . . Daardie geslaande Rots in die woestyn, was 'n tipe van Christus wat geslaan is.

54 Dan, het hulle gereis in die lyn van die belofte. Dit was nog 'n identifikasie, om God se karaktertrek te wys. Maak nie saak hoe fundamenteel hierdie een was met die Woord nie; hy het die fundamentalisme gehad, plus die identifikasie, en die karaktertrek van God onder hulle. God het Homself geïdentifiseer. Twee profete, albei van hulle profete, en albei van hulle fundamenteel; maar God het Sy karaktertrekke geïdentifiseer in Moses, omdat hy die karaktertrekke van God met hom gehad het.

55 Nou, weer, God se karaktertrekke is altyd bonatuurlik, want Hy is bonatuurlik. God is bonatuurlik. Dis ongewoon, altyd, vir die moderne denkwyse van die dag. Julle weet dit. God het altyd die planne omvergegooi, van die—van die godsdienstige groepe in elke eeu wat ooit verbygegaan het.

56 En nie een keer het 'n persoon of 'n groep mense ooit hulleself saam georganiseer op 'n boodskap behalwe dat hulle gesterf en op die rak gegaan en nooit weer opgestaan het nie. Daar is geen geskiedenis nie. Die Lutherane, en Presbiteriane, die Metodiste, die Baptiste, die Pinksters, ensovoorts, staan nooit weer op, wanneer hulle Dit gaan groepeer nie.

God werk met indiwidue.

57 Let op, Hy is so ongewoon volgens die denkwyse. Sien, ons gaan af in 'n rigting, en ons moet Dit *so* glo. En dan kom God verby met Sy Woord wat Hy belowe het, en identifiseer Homself in daardie Woord. *Hierdie* groep kan nie Daarnatoe gaan nie, want dit glo nie Daarin nie. Sien, dit het klaar ditself afgesny Daarvan.

58 Soos Josef, hy was ’n seun van Dawid, ’n goeie man, Josef die man van Maria. Hy was ’n goeie man, en ongetwyfeld het hy die Bybel gelees, die boekrolle, die heeltyd, want. . . en het gesoek na ’n Messias om te kom, en moes geweet het dat die Skrif gesê het dit sou plaasvind. Jesaja het gesê: “’n Maagd sal swanger word.”

59 Wel, nou, hy het uitgegaan met hierdie jongmeisie, Maria, waarskynlik agttien jaar oud, en hy was waarskynlik ’n bietjie ouer. En toe, toe hulle verloof was om te trou, blyk dit sy’s ’n moeder. Nou dit was soort van moeilik vir Josef, om soort van dit te aanvaar. Sonder twyfel het Maria hom vertel van die besoek van Gabriël. Maar ons let op, die manier wat sy karakter hom gelei het, het hy dit betwyfel.

60 Nou sy is as ’n moeder bevind, voordat hulle getroud is. En, in die Bybel, is daardie straf die dood, om gestenig te word. ’n Ongetroude vrou wat moeder geword het, sy moes gestenig word. Daar was geen prostitusie in Israel nie. Dit was uitgewerk. So ons vind uit, in Deuteronómium sê dit so vir ons.

61 Nou vind ons uit, dat, Maria, gelyk asof sy Josef probeer gebruik het net vir ’n skild vir ’n daad wat sy gedoen het. Want, as sy alreeds bevind is om ’n moeder te wees voordat hulle getroud is, dan moet sy gestenig word, en sy moet iemand nou hê wat kan staan as ’n skild vir haar. En dit het gelyk, baie, asof dit was wat sy probeer doen het.

62 Maar Josef wat in haar groot mooi oë gekyk het, en sy sou sê: “Josef, Gabriël het vir my gesê: ’Die Heilige Gees sal jou oorskadu, en hierdie Ding wat in jou—wat in jou verwek sal word, is van die Heilige Gees. Dis God. Dis wat dit genoem gaan word “die Seun van God.”’” En, Josef, hy—hy—hy wou dit glo, maar dit was so ongewoon. Dit het nooit tevore gebeur nie.

63 En dis net hoe dit is vandag. As ons net kan. . . As ek ’n manier gehad het om die mense te laat sien dat die ongewoonheid van enigiets, as dit geïdentifiseer is deur die Woord, dan bewys sy karaktertrekke wat dit is. Dis God in aksie.

64 Josef moes dit geweet het. Hy moes geweet het: “’n Maagd sal swanger word.” Maar hy was eerlik daaroor. Hy wou haar nie wegsit, privaat nie, maar hy—hy het gedink om dit te doen.

65 En toe het die Engel van die Here aan hom verskyn in ’n droom. Het julle ooit gewonder waarom Hy verskyn het in ’n droom? Daar was geen profete in daardie dae nie. Hulle droom was so eenvoudig, dit het geen interpretasie nodig gehad nie. Gesê: “Josef, jy seun van Dawid, moenie bevrees wees om Maria vir jou vrou te neem nie, want wat in haar verwek is, is van die Heilige Gees.” Sien, toe, het dit dit afgehandel. Sien, Hy het na hom toe gekom in ’n droom, sekondêr. Maar, julle sien, daar was geen profeet daar om daardie Woord te

identifiseer, dat: "Hierdie maagd sal swanger word," nie. Sien? So, daarom, het Hy aan hom verskyn in 'n droom, want hy was eerlik en regverdig en 'n goeie man.

66 En ek glo God sal kom na enige goeie man, op een of ander manier, en Sy werke identifiseer aan daardie goeie man, vir die eeu as daardie man geroep is van God vir daardie eeu.

67 Nou, maar dit was so ongewoon, hulle kon dit skaars begryp. Maar, altyd, die verskyning volgens die beloofde Woord vir die eeu, al hierdie ongewoondheid.

Nou daar is party mense wat mag rondgaan, en sê: "Wel, *hierdie* is ongewoon, dis God. *Hierdie* is ongewoon."

68 Maar, julle sien, dit moet geïdentifiseer wees deur die Woord, en die Woord is God. Sien? En die karaktertrek van hierdie identifikasie identifiseer dan wie dit is, want God het gesê: "*dit* sou gebeur," en dit gebeur. Sien? Die karaktertrek daarvan is God se Woord wat geïdentifiseer word deur die karaktertrek van wat aangaan.

69 Hy het gesê in die laaste dae sou Hy die Heilige Gees uitstort. Hy het dit gedoen. Die karaktertrekke daarvan het geïdentifiseer dit was God, Sy Woord wat belowe is. Sien, dit identifiseer altyd ditself.

70 Nou, altyd, elke keer, korrigeer die woord, wanneer die Woord verkeerd gesê word. Het julle ooit opgelet? Dit was in die dae van Noag, dit het daardie wetenskaplike eeu gekorrigeer, dat God water sou afbring uit die hemele. Dit was Moses, sien, wat gekorrigeer het toe hulle almal onder in Egipte gebly het, ensovoorts, maar God se Woord moes geïdentifiseer word. En die Waarheid van die Woord korrigeer die fout.

71 Laat ek vir julle iets vra. Ons mag 'n bietjie diep gaan hier. Ek is nie veronderstel om lering of doktrine te preek nie, maar laat ek net vir julle een ding vra.

72 Jesus was die Woord. Ons weet dit. Die Bybel het gesê dit was. Johannes, die 1ste hoofstuk: "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en onder ons gewandel." Hy is steeds die Woord. Dan toe Hy hulle gedagtes kon onderskei, behoort hulle te geweet het dat dit die Woord was, want die Woord van God het gesê dis wat Hy sou doen. Hy was die Profeet.

73 Nou let op, ons vind uit dat, toe Hy gebore is, omtrent twaalf jaar oud, het Hy opgegaan na die fees van die tabernakel. En hulle het opgegaan na die Pasga. En, op hulle pad terug, het hulle 'n drie—dag reis gegaan en hulle het Hom gemis; gestaan, gedink, liewer, veronderstel dat Hy buite onder die mense was.

74 Ons kon 'n les daaruit maak. Dis soveel vandag! Nou julle Metodis, Baptis, Presbiteriaan, Lutheraan, Katoliek, wat julle

ook al is, sien, julle doen dieselfde ding. Julle verstaan omdat Wesley 'n groot herlewing gehad het, Luther 'n groot herlewing gehad het, of Pinkster 'n groot herlewing gehad het, verstaan julle dat Hy onder die mense is, wanneer, Hy partymaal nie daar is nie.

75 Hulle het gegaan om Hom te kry. Waar het hulle Hom gekry? Waar hulle Hom gelos het, by Jerusalem. En toe hulle Hom gekry het, wat het Hy gedoen? 'N Seuntjie, twaalf jaar oud, waarskynlik nooit in die skool ingegaan meer as wat Sy ma Hom geleer het nie; en hier was Hy in die tempel, aan die debatteer met daardie priesters, oor die Woord van God. En hulle was verstom oor die wysheid van hierdie Kind. Waarom? Hy was die Woord. Nou kyk.

76 En nou nie met disrespek teenoor julle Katolieke mense wat Maria die moeder van God noem nie, maar laat ek net vir julle 'n klein foutjie hier wys. As die kerk gebou is op Maria, kyk wat gebeur het. Nou het sy opgekom, en sy het gesê: "O, ek en Jou vader het na Jou gesoek, met trane." Hou daardie stelling dop, sy het toe haar eie getuienis veroordeel. Sy het gesê: "Ek en Jou vader het na Jou gesoek, met trane."

77 Hou daardie Woord dop. Hy was die Woord. Hy het gesê: "Weet u nie dat Ek in die dinge van My Vader moet wees nie?" Kyk hoe die Woord die fout korrigeer. Net daar voor daardie priesters, het sy haar getuienis geruïneer. Sy het gesê sy was swanger bevind deur die Heilige Gees, en hier het sy gesê Josef is Sy "vader." Sien daardie Woord wat dit baie vinnig vang? Hy was die Woord. Nou, julle weet 'n twaalf—jaar—oue seun sou dit nie doen nie. Hy was die Woord. Hy was die gesproke Woord vir daardie eeu, so daarom was die geïdentifiseerde karaktertrek van God in Christus. Hy het die foute gekorrigeer. Hy het gesê . . .

Hulle het gesê: "Wel, ons is Moses se dissipels." Sien?

78 Hy het gesê: "As julle Moses se dissipels was, sou julle My geken het. Hy het van My geskryf. Moses het gesê: 'Die Here julle God sal 'n Profeet soos ek oprig.' Julle sou My geken het as julle Moses geken het."

79 En, sien, die Woord korrigeer altyd die fout van die dag. Maar die mense wil dit nie graag glo nie. Hulle bly net reguit vashou, net dieselfde.

80 Maar Jesus het Sy Eie moeder gekorrigeer. En Sy moeder was verkeerd, want sy het alreeds gesê dat daardie 'n kind was wat verwek is in haar deur die Heilige Gees, en hier draai sy haar getuienis om en het gesê dat Josef was haar "vader," was die vader van—van Jesus. Nou as—as Josef . . .

81 Maar as Hy die seun van Josef was, as Hy in Sy vader se dinge was, sou Hy onder in die skrynwerkerswinkel gewees het.

82 Maar Hy was in Sy Vader se dinge, daarbo in die Tempel, daardie organisasies aan die bestraf. Sien? Hy was in Sy Vader se dinge, net 'n twaalf—jaar—oue kind. "Weet u nie dat Ek in die dinge van My Vader moet wees nie?"

83 Het julle opgelet toe Jesus versoek was deur Satan? Sy karaktertrek daar, toe Hy in Sy versoeking was, het Hom geïdentifiseer as God, omdat Hy by die Woord gebly het. Sien? "Daar staan geskrywe," het Satan gesê. Jesus het gesê: "Daar staan ook geskrywe," reguit by die Woord gebly.

84 "God, in ou tye," lees ons hier. "God, in ou tye," dis vroeër: "op baie maniere," menige wyses: "Homself geïdentifiseer aan Sy profete deur visioene." Dit was die karaktertrek van 'n profeet, was wanneer hy dinge voorspel het en dit gebeur het. Nou dit was sy karaktertrek van sy identifikasie, dat God met hom was. Dan het dit hom die reg gegee om die Woord te interpreteer vir daardie dag, want "die Woord van God kom na die profete," die karaktertrek van die profeet wat Hy voorspel het.

85 Die Bybel het gesê: "As daar een is, en wat hy sê gebeur, luister dan na hom; maar, as dit nie, moet hom nie glo nie, moet hom nie vrees nie, maar My. . . as—as My Woord nie in hom is nie. Maar as dit wel gebeur, dan is My Woord in hom." Dis sy identifikasie. Dis die karaktertrek van 'n profeet.

86 Nou, God, in ou tye, dis hoe Hy Sy karaktertrek van die identifikasie van Homself aan die mens gewys het, deur te spreek deur 'n man wat 'n profeet genoem is. Nou, die Bybel sê dat: "God, in ou tye, op baie maniere, gespreek het tot die vaders deur die profete."

87 Ons lees ook, oorkant in Tweede Petrus, dat die hele Woord van God deur hulle geskryf is. "Manne van ouds, beweeg deur die Heilige Gees, het die Bybel geskryf." Hulle was profete. Die Woord het na hulle gekom en hulle het Dit geskryf, dit neergeskryf, onder inspirasie. Eerstens was hulle geïdentifiseerde profete, toe het hulle—hulle die Woord van inspirasie geskryf, en hulle het die interpretasie van die Goddelike openbaring gehad omdat dit God was in die man.

88 Nou dis die manier hoe Hy Homself in Sy karaktertrekke van identifikasie getoon het, hulle visioene wat bevestig is, was God se karaktertrek in hulle, wat Homself bekend gemaak het aan die mense.

89 Nou, dis die enigste manier wat Hy in Christus was. 'n Profeet was net 'n deeltjie. Christus was die volheid van God. En God was in Christus, om die wêreld met Homself te versoen. En Sy karaktertrekke het Hom geïdentifiseer, wat Hy was, in soverre dat Hy gesê het: "As Ek nie die werke van My Vader doen nie, moet dit dan nie glo nie. As Ek nie

die karakter van My Vader het nie, moet My dan nie glo nie, moenie My aansprake glo nie. As Ek nie die karakter van My Vader in My het nie, moet dit dan glad nie glo nie."

90 Nou, Sy karaktertrekke verander nooit. God kan nie Sy karakter verander nie, net so min as wat—as wat 'n—'n lam sy karakter kan verander, of enige ander ding sy karaktertrekke kan verander. Want, solank as wat dit in die oorspronklike is, is dit oorspronklik. En as jy enigiets verander, dan het jy dit verander vanaf sy oorspronklike.

91 Dis net soos wat jy 'n—'n vark neem, en jy kan 'n vark was en—en daardie verf op sy toonnaels sit, soos die vroue maak, en dit lipstiffie gee, en 'n mooi rok daarvoor aantrek. Laat daardie ou sog uit, sy sal net reguit na die rolplek gaan, en weer rol. Waarom? Sy is 'n vark, dis al. Maar, en, maar, julle weet, jy sou nie maak . . .

92 'n Lam sou dit nie doen nie. Hy sou nie eens in daardie modder ingaan nie. Hy wil niks daarmee te doen hê nie. Dis die karaktertrekke daarvan. Sien? Jy mag hom dieselfde soort klere aantrek, maar hy sal sekerlik nie, hy sal sekerlik nie gaan nie. Die buitekant maak nie saak nie; dis die binnekant. Nou, God wat die bron van alle lewe is . . .

93 Moenie hierdie mis nie. Ek probeer, met alles wat in my is, dat julle iets sien. Sien? Dis vir julle beswil, vriende. Dis om julle ont—onthalwe. Sien?

94 Ek het nie net hiernatoe gekom net om gesien te word nie. Ek het nie hiernatoe gekom, daar geen ander plek was om na te gaan nie. Ek het hiernatoe gekom omdat ek gevoel het om hiernatoe te kom. Ek het gevoel dat die bediening wat die Here my gegee het getoon moes word onder die mense hier, en ek probeer om julle te laat sien wat God regtig nou is. Hy is die beloofde Woord. Hy is altyd die Woord, en Hy identifiseer Homself deur die karaktertrek wat Hy belowe het. 'n Sekere karakter sou voortkom in 'n sekere tyd, wat in die Woord is, dan identifiseer dit die karaktertrek van hierdie persoon wat veronderstel is om voort te kom dat dit die persoon is.

95 Dis waarom Jesus moes wees wie Hy was. Hulle moes dit gesien het. Geen wonder hulle was blind nie. Die ding . . . Gesê, hoewel Hy soveel wonderwerke gedoen het, tog kon hulle nie glo nie, want Jesaja het gesê: "Hulle het oë en kan nie sien nie, en ore en kan nie hoor nie." Sien? Elke eeu, nie alleen Sy eeu nie, maar elke eeu, hoe: "God, in ou tye, op baie maniere," steeds kon hulle dit net nie begryp nie.

96 Nou, Sy karaktertrekke faal nooit. Dis altyd dieselfde. Nou, onthou, Sy karaktertrek, die karaktertrek van God, kan nie faal nie. As dit gebeur, dan het God gefaal. En die Bybel het gesê, in Hebreërs 13:8, dat: "Jesus Christus is dieselfde gister, vandag, en vir altyd." Daarom, is Hy die onveranderlike

God. Watter karakter Hy ook al was in die begin, Hy is steeds daardie selfde karakter. Elke manier wat Hy gewerk het, enige tyd wat Hy ooit enigiets gedoen het, doen Hy dit dieselfde manier elke keer. As Hy dit nie doen nie, is dit Sy karakter wat verander het, sien, en Sy karaktertrekke sou iets vertoon wat nie van God was nie. Sien? So ons sou nie weet waar . . .

97 Soos Paulus gesê het: "As die basuin 'n onseker klank gee, wie sal weet om voor te berei vir die stryd, as die basuin 'n onseker klank gee?" Nou as die basuin veronderstel om "terugval" te blaas, dis wat ons moet doen, terugval. As die basuin "storm" blaas, dis wat ons veronderstel is om te doen, is storm. Maar wat is die basuin? Is die Woord van God. Dit identifiseer God, of dit is—of dit is "gaan op, sit, val terug, lê wapens neer," wat ook al dit is. Dis God se basuinklank.

98 En 'n onseker klank, wanneer die Bybel sê 'n sekere ding is veronderstel om te gebeur; iemand sê: "O, dit was vir 'n ander dag, daardie." Dan is daar 'n onseker klank daar. Dan weet jy nie wat om te maak nie.

99 Jesus het gesê: "Ek het krag om My lewe neer te lê en dit weer op te neem." Geen onseker klank daar nie.

100 Die vrou het gesê: "Ons weet die Messias kom; en wanneer Hy kom, sal Hy vir ons die dinge sê soos Hy het."

101 Hy het gesê: "Ek is Hy." Geen onseker klank daar nie. "Ek is Hy." Uh—huh! Amen.

Hulle het gesê: "Ons vaders het manna in die woestyn geëet."

102 Hy het gesê: "Hulle is, elkeen, dood." Hy het gesê: "Maar Ek is die Brood van die Lewe wat van God uit die Hemel gekom het." Geen onseker klank nie. "Ek is die Boom van die Lewe, uit die Tuin van Eden." Nee, geen onseker klank daaromtrent nie. Sekerlik nie. Niks onsekers daaromtrent nie. Hy was seker in alles wat Hy gedoen het.

103 Die Bybel gee nie 'n onseker klank nie. Dit identifiseer die karaktertrek van God in Sy uitbasuining.

104 Jesus het gesê, in Johannes 10:37: "As Ek nie die werke van My Vader doen nie, wat . . . en Ek nie daardie karakter van My Vader het nie, moet My dan nie glo nie. Hulle is die een, Hulle identifiseer Sy karakter in My, Sy karaktertrekke."

105 Want, die Vader is die Woord: "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God," en die karaktertrek van God word vertoon deur Sy belofte vir daardie eeu.

106 Nou as Hy in Moses se tyd gelewe het, sou dit nie gewerk het nie. En as Moses in Sy tyd sou gelewe het, sou dit nie gewerk het nie. As Hy in Noag se tyd gelewe het, sou dit nie gewerk het nie, of as Noag in Sy tyd gelewe het nie. Noag het

geprofeteer oor dinge van daardie dag, en sy karaktertrek en wat hy gedoen het, het hom geïdentifiseer met die Woord van God. Moses het dieselfde ding gedoen.

107 En hier kom Jesus, en die Woord wat belowe was vir daardie eeu was geïdentifiseer in Jesus Christus deur die karaktertrek van die Woord, wat God is. Amen.

108 Die uitstorting van die Heilige Gees, in die laaste dae, op die gewone mense, het God se karaktertrek geïdentifiseer met die mense. Hy het dit belowe. Dis die Woord. Hy het gesê Hy sou dit doen. Niemand kan dit terugneem nie. Hy het gesê Hy sou dit doen.

109 So al hierdie dinge wat Hy belowe het, dis wat Hy doen. Dit identifiseer Sy karaktertrek. Ja, meneer. "Moet dit nie glo nie, moenie My aansprake glo nie, as My karaktertrek nie dié van God is nie."

110 Nou let op in Johannes 14:12: "Hy wat in My glo," het Hy gesê: "het My identifikasie, My karaktertrek. Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen, sal hy ook doen." Dit identifiseer dat die karakter van Christus in hom is, wat die karaktertrekke van Hom vertoon. Amen.

111 Ek voel baie godsdienstig net nou, as ek hees is. Ja, meneer. O, goeiste! Sien, daar is geen fout Daaromtrent nie! Sy lewe! "Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen, sal hy ook doen." Sien, dit identifiseer die karaktertrek.

112 Dieselfde ding het Hy gesê: "As My karakter nie Myself identifiseer, God in—in Hom nie, glo (hy) Hom dan nie." Nou Hy het ook gesê dat Hy daarin geïdentifiseer sou word. Dan, daardie, as dit Hom nie identifiseer nie, dan is hy nie wat hy sê nie.

113 En, vandag, as Christus nie Homself identifiseer nie, die karaktertrek van Christus ons identifiseer as van Christus, Sy Woord glo . . . Jesus was die Woord, so Hy moes die Woord glo. En hoe kan ons sê dat ons van Christus is, en enige Woord ontken van daardie Bybel? Die Heilige Gees van Christus is God in jou, en Dit sal elke belofte met 'n "amen" beklemtoon. Die Bybel het gesê: "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg." Die Gees van God het gesê: "Amen." Sien?

114 Een van hulle sê nie: "Nee, dit was vir 'n ander eeu; dit was net vir die dissipels," nie.

115 "Gaan in die hele wêreld in en preek die Evangelie aan elke skepsel. Hy, enige plek in die hele wêreld, wat glo, hierdie tekens sal hom volg, dieselfde ding." "Dieselfde gister, vandag, en vir altyd," die karaktertrek wat geïdentifiseer word.

116 Dit laat Hebreërs 1:1: "God van ou tye, wat gespreek het met die vaders deur die profete," Christus identifiseer, as opgewek vandag, deur dieselfde karaktertrek wat Hy het in ou tye. Het julle opgelet? God verander nooit Sy manier nie.

117 In die ou Bybel, wanneer ’n dromer ’n droom gedroom het, en daar was geen profeet in die land om te kyk of hierdie droom reg was of nie, het hulle ’n ander manier gehad om uit te vind. Hulle het daardie karakter geneem, wie ook al die droom gedroom het, hom afgeneem na die tempel. Die borsplaat van Aäron, wat die hoëpriester was, het aan die paal gehang. En hierdie dromer het sy droom vertel. Maak nie saak hoe goed dit geklink het nie, hoe eg dit geklink het nie; as daar nie ’n bonatuurlike Lig geflits het op daardie stene nie, wat die Urim Tummim genoem is, (Bybellesers verstaan); dan, ek gee nie om hoe eg dit geklink het nie, dit was nie so nie. Die ongewoondheid van God, die karakter van God, moes Sy karaktertrekke in die bonatuurlike vertoon, om te wys dat Hy Homself geïdentifiseer het met die boodskap. Amen.

118 Ek sê dieselfde ding vanaand. Die ou Urim Tummim is weg, maar die Woord is steeds die ding wat die karaktertrek van God identifiseer, die belofte van die uur waarin ons lewe. Daar is God se karaktertrekke geïdentifiseer deur die belofte van die uur waarin ons lewe.

119 Dit maak God dieselfde as wat Hy was. “In ou tye,” kyk: “op baie maniere, het Hy gespreek tot die vaders deur die profete.” “En die wet en die profete was tot Johannes; van toe af, die Koninkryk van die Hemel.” Let op: “Maar in hierdie laaste dag,” dieselfde ding gespreek wat Hy toe het: “deur Sy Seun Christus Jesus .” “God in ou tye, op baie maniere, het gespreek tot die vaders deur die profete; in hierdie laaste dag,” wat dieselfde ding doen: “wat spreek tot die mense (die vaders) deur Sy Seun Christus Jesus.” Het Hom opgerig uit die dood, en Hy lewe binne—in ons, wat Homself identifiseer en vir ons dinge voorspel, dat Hy ’n onderskeier van die gedagtes en oorlegginge van die hart is. Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en vir altyd! “God, het in ou tye, en op baie maniere, gespreek tot die vaders deur die profete, maar in hierdie laaste dae deur Jesus Christus Sy Seun.” Die Skrif kan nie mee gepeuter word nie. Dis presies.

120 Soos ek tevore gesê het, God het nie enigiemand nodig om hierdie Woord te interpreteer nie. Hy interpreteer Sy Eie Woord. Wanneer Hy enigiets sê, gebeur dit, dis die interpretasie. Sien? Hy het nie enigiemand nodig om te sê: “Wel, ek glo dit beteken *dit*,” nie. God identifiseer dit deur Sy Eie interpretasie, Syne.

121 As die belofte vir daardie dag is! Ons kan nie lewe in die lig van—van—van Luther nie. Ons kan nie lewe in die lig van Wesley nie. Ons kan nie lewe in die lig van enige van hierdie nie. Ons moet lewe in die Lig wat belowe is vir hierdie dag.

122 Wat as Moses sou afgaan na Egipte en gesê het: “Wel, ons gaan ’n groot ark bou. Ons gaan uit hierdie land uitdryf. Die

Nyl gaan opstoot"? Hulle sou teruggekyk het in die boekrol. Daar is geen belofte daarvoor nie. Dis reg. Maar, julle sien, hy het homself geïdentifiseer as God se profeet, want wat hy gesê het het gebeur, toe het hulle geweet hy het die Woord van die Here gehad. Farao het spiese gehad, maar Moses het die Woord gehad. So toe hulle by die see kom, het al die spiese onder die see ingegaan; en Moses het Israel oor die see geneem, op droë grond, omdat hy die Woord gehad het, en hy was die Woord van daardie uur. Moses was die Woord wat gemanifesteer is vir daardie uur.

Elía was die Woord wat gemanifesteer is vir daardie uur.

123 Christus is die Woord wat gemanifesteer is, en die beloftes wat Hy gemaak het. "'n Klein tydjie en die wêreld sien My nie meer nie; tog sal julle My sien, want Ek sal met julle wees, selfs in julle, tot die einde van die wêreld. Die werke wat Ek doen sal julle ook doen." Hy het hierdie dinge belowe. Wat is dit? Dis die karaktertrek van God wat Sy Woord vertoon, soos Hy het in alle eeue.

124 Maleági 4, het Hy gesê: "Voor die groot en verskriklike dag van die Here sal aanbreek, kyk, Ek stuur vir julle Elía die profeet, en hy sal die geloof van die kinders terug herstel na die vaders, voor daardie dag aanbreek." Hy het dit belowe.

125 Jesus het gesê, in die 17de hoofstuk van Lukas: "Soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees in die koms van die Seun van die mens, wanneer die Seun van die mens geopenbaar word." Wanneer die openbaring homself ontvou, in die dae wanneer die wêreld sal wees soos Sodom, wat sal dit wees? Die karaktertrek van daardie Skrif wat vervul word. God wat Homself identifiseer deur Sy karaktertrek, karaktertrekke dat Hy altyd was. Hy kan dit nie verlaat nie.

126 Die laaste dae, het Hy geïdentifiseer deur Sy Seun. Let op hoe God hierdie doen altyd by die—soos Hy al—. . . Hy verander nooit Sy manier nie.

127 Hierdie drie manne wat met Abraham gepraat het, soos ons so pas daar gepraat het, by die dae van Sodom.

128 Abraham was 'n man wat God geglo het. Hy het God op Sy belofte geneem. Sara, sy vrou, was vyf—en—sestig jaar oud, Abraham was vyf—en—sewentig, toe God hom geroep het. Hy het gesê hy gaan 'n—'n kind hê; Abraham sou 'n kind by Sara hê. Dit mag 'n bietjie belaglik klink, maar ek veronderstel sy het al die—die babaskoentjies en spelde, en alles, gereed gekry, want hulle gaan hierdie baba hê.

129 Na die eerste agt—en—twintig dae, wel, mag Abraham vir Sara gesê het: "Hoe voel jy, skat?"

"Nie anders nie."

"Glorie aan God, ons gaan dit in elk geval hê."

"Hoe weet jy?"

"God het so gesê."

'n Jaar het verbygegaan. "Hoe voel jy, skat?"

"Nie anders nie."

"Ons gaan dit hê, in elk geval. God het so gesê."

Vyf jaar het verbygegaan. "Hoe voel jy nou, skat?"

"Nie anders nie."

"Ons gaan dit hê, in elk geval. God het so gesê."

130 Wat was dit? Hy het die belofte van God gehad. Hy het God geglo, en hy het opgetree soos God: hy het vasgehou aan die beloofde Woord.

131 Vyf—en—twintig jaar het verbygegaan. Die babaskoentjies het al geel geword, maar sy het steeds aan hulle vasgehou. Nou is hy oud, en krom, en hy's in 'n verskriklike toestand; en Sara se baarmoeder is so goed as dood, en hy is steriel. En wat 'n toestand is hulle in!

132 "Hoe voel jy, Abraham, vader van nasies?" sou sy skyngelowige vriende vir hom sê.

133 "Wel, glorie aan God, ek voel goed. Ons gaan daardie baba kry, in elk geval." Want hy het nie getwyfel aan die belofte van God deur ongeloof nie; maar hy was sterk, het God geprys, want hy was ten volle oortuig dat wat God gesê het, God in staat was om dit te doen. Amen. Daar is die karaktertrek van 'n gelowige.

134 Wat van jou? Sien? Wat van ons, die kinders van Abraham? Is ons geïdentifiseer met die Woord van God, as 'n belofte, en ons karaktertrek wat onsself identifiseer, dat ons Dit werklik glo? Of, aarsel jy net, spring van *hier*, en *hiernatoe*, en *hier* af, en raai, en aarsel rond, Daaroor? Dan, is ons nie Christene nie, ons is net skyngelowig.

135 Maar, as ons regtig staan by daardie belofte, net Daarvolgens gaan, en Daarby bly! Abraham het.

136 Nou vind ons uit, eendag het hy drie manne sien kom, wat stap. Die Bybel het hier gesê: "Dit was in die hitte van die dag," moes omtrent middag gewees het. Hierdie mans het nadergestap en met hom gepraat. Ons verstaan dat twee van hulle afgegaan het in Sodom. Ek glo ons het daaroor gepraat nou die aand. Een van hulle het by hom gebly.

137 Hou hierdie Man dop wat hy genoem het . . . wat by hom gebly het, wat die Man gedoen het. Een was geïdentifiseer deur Sy karaktertrek, dat Hy Elohim was.

138 Elohim, die heel eerste woord in die Bybel: "In die begin God . . ." Nou, enige van julle studente weet nou daardie woord *God* daar beteken, in die Hebreeus, is "Elohim," wat

beteken: "die Almagtige, die algenoegsame, die selfbestaande," het geen hulp van niemand nodig nie, het niemand se interpretasie nodig nie; doen Sy Eie. Hy's die algenoegsame God, alomteenwoordig, alwetend, almagtig. Hy is God.

139 Daar was Hy. En Abraham nou, hierdie aardsvader wat die Woord vasgehou het, het gekyk na hierdie Kêrel. En toe hierdie Kêrel Sy rug gedraai gehad het na die tent, het Hy gesê: "Waar is jou vrou, Sara?"

Gesê: "Sy is in die tent, agter U."

140 Gesê: "Ek gaan jou besoek volgens die tyd van die lewe, en jy sal hierdie baba hê wat Ek jou belowe het."

141 En Sara het daaroor gelag. En die Een wat met hom gepraat het, het vir hom gesê wat Sara, agter Hom, in die tent gesê het.

142 Nou, in Génesis, sal julle dit lees. Ons vind uit dat toe, Abraham, nadat hierdie Man Homself geïdentifiseer het . . .

143 Wat was dit? Hebreërs, 4de hoofstuk, die 12de vers, het gesê: "Die Woord van God is skerper, kragtiger as 'n tweesnydende swaard, 'n onderskeier van die gedagtes en oorlegginge van die hart."

144 Hy het geweet hierdie was die Man. Hy het geweet daar was geen profete behalwe hy, in die land nie, en daarom het die Woord van die Here na hom toe gekom. En hy was die profeet, en hier het die Woord na die profeet toe gekom.

145 Dieselfde ding met Johannes die Doper. Daar was geen profeet vir vierhonderd jaar nie. Ek onthou . . .

146 Miskien sit ou Doktor Davis hier, vanaand, die ou Sending Baptiste prediker wat my in die Geloof gedoop het. Hy het altyd met my gestry. Hy het gesê: "Billy, jy's net 'n kind nou. Jy moet na my luister."

Ek het gesê: "Goed, Broer Davis, ek luister."

147 Hy het gesê: "Jy sien, Johannes was nie gedoop nie. So hy het gedoop, maar was nie gedoop nie; niemand was werd om hom te doop nie." Dis goeie Baptiste teologie. "En hier kom Jesus, en het toe gesê. . . Johannes het gesê: 'Ek het nodig om deur U gedoop te word; waarom kom U na my toe?' En Hy het gesê: 'Laat dit nou toe.'" Hy het gesê: "En toe, toe hy Hom 'toegelaat' het," gesê: "Jy sien, toe het Jesus vir Johannes gedoop. En toe Hy uit die water gekom het, toe het die hemele geopen en het Hy God in die vorm van 'n duif gesien, wat neerdaal en op Hom sit, gesê het: 'Hierdie is My geliefde Seun in Wie Ek 'n welbehae het.'" Maar, nee, nie om te verskil van Doktor Davis nie, maar hy was verkeerd.

148 Sien, Johannes was die profeet, en die Woord kom altyd na die profeet. So as die Woord vlees geword het, moes Dit kom

na die profeet, in elk geval; want, hy het getuig van die Woord, en sy einste karaktertrek het hom as sulks geïdentifiseer. Hier kom die Woord, nou wat het gebeur? So gou as wat hy voor Jesus gekom het, het Johannes gesê: "Ek het nodig dat U my doop; waarom kom U na my toe?"

149 Jesus het gesê: "Laat dit nou toe, want so betaam dit ons (pas dit ons) om alle geregtigheid te vervul." Johannes as die profeet; Hy as die Woord. Hy was die Offerande, en Hy het gereed gemaak om Sy aardse bediening binne te gaan, en die Offer moes gewas word voor dit aangebied is. En Johannes het Hom gedoop, want hy het geweet. "Laat dit nou toe, want dit betaam ons om alle geregtigheid te vervul." Die Offer moes gewas word voor aanbieding, en daarom het Johannes Hom gedoop. Dit was nie Jesus wat Johannes gedoop het nie. Johannes het Jesus gedoop. "Laat dit nou toe."

150 Let op, hier was Abraham, en hy het die Woord van die Here gehad. Die Woord van die Here het na hom gekom. Hy was die profeet. En nou hier kom die Woord. Hy het hom: "Abraham," genoem, nie *Abram* nie.

151 'n Paar dae tevore, was sy naam Abram—was Abram, nou is dit Abraham. Sy vrou was Sarai, nou is dit "Sara," nie S-a-r-r-a-i nie; S-a-r-a. Nie (A-b-r-a-h-a-m) A-b-r-a-m nie, maar A-b-r-a-h-a-m, Abraham.

152 En hierdie Man het Homself geïdentifiseer, toe Hy gesê het: "Abraham!" O, goeiste!

Abraham het gesê: "Elohim!"

153 Daar is die Woord en die profeet, bymekaar, albei karakters geïdentifiseer.

154 Elohim, Hy het gesê: "Waar is jou vrou, Sara?"

155 Gesê: "Sy is in die tent, agter U." En die. . .Toe is die wonderwerk gedoen. Elohim! Abraham het Hom genoem: "die algenoegsame, Almagtige, alvermoënde God."

156 Jesus het gesê. Toe Hy op aarde was, het Hy dieselfde ding gedoen wat Elohim gedoen het. Dit het Sy karaktertrek geïdentifiseer as God.

157 En Hy het gesê, voor: "In die laaste dae, net by die koms van die Seun van die mens, wanneer Hy geopenbaar word, sal hierdie toneel weer plaasvind, soos dit was by Sodom." Elohim onder Sy mense, die Almagtige God! Dis wat die Skrif sê. Elohim onder die mense!

158 Vir veertig jaar het Hy ons gedoop met die Heilige Gees, Elohim, God! En die kerk. . .

159 Kyk, Abraham het een teken gesien, nog 'n roeping; 'n teken, 'n roeping; 'n roeping, 'n teken; gewag vir daardie beloofde seun. Maar die laaste teken wat hy gesien het, die

laaste verskyning, die laaste besoek van God voor die beloofde seun op die toneel verskyn het, was Elohim in menslike vlees. Toe het die beloofde seun gekom.

160 En Abraham se Saad wag vir die beloofde Seun, Jesus Christus. En hulle het tekens gesien, die uitstorting van die Heilige Gees, praat in tale, Goddelike genesing, ensovoorts. Maar wanneer die Seun van die mens geopenbaar word, sal Elohim terugkeer na die koninklike Saad van Abraham en daardie selfde ding wys wat Hy gewys het in daardie dag, amen, Elohim, soos dit was! Waarom? Dit sal die karaktertrek van God wees.

161 Nou, as Christus God was: "Net 'n klein tydjie en die wêreld sien My nie meer nie; tog sal julle My sien, want Ek sal met julle wees, selfs in julle, tot aan die voleinding, die einde. Die werke wat Ek doen sal julle ook doen."

162 Jesus het dit gesê in—in Lukas, die 17de hoofstuk. Goed, wanneer ons glo en hierdie laaste dae sien, moet hierdie toneel weer uitgespeel word.

163 Daarom, Hebreërs 1:1: "God, het deur die profete Homself geïdentifiseer in die ou tye, het in hierdie laaste dae die opstanding van Sy Seun uit die dood geïdentifiseer," deur die Kerk dieselfde karaktertrek te gee as wat Hy gehad het, Hebreërs 13:8 presies reg te maak.

164 Geen vere kan daaruit getrek word nie. Dis arendsvere. Hulle bly dig, want hulle is 'n hemelse voël. [Leë kol op band—Red.]. . . hulle voer hulle arendskos.

165 Nou let ons op dat: "In die ou tye, baie maniere, het Hy gespreek tot die vaders deur die profete, in die laaste dae deur Sy Seun Jesus Christus, deur Hom uit die dood op te rig." En hier is Hy onder ons, na tweeduisend jaar, dieselfde Jesus, nie een van die profete nie; Jesus, halleluja, die opgewekte Seun van God!

166 Jesus het gesê, eendag, het Hy gesê: "'n Bose en owerspelige geslag soek na 'n teken, en hulle sal 'n teken kry." 'n Bose en owerspelige geslag. Wanneer was die wêreld boser of owerspel en verdraaidheid, as wat dit nou is?

167 "Soos dit was in die dae van Jona, soos Jona in die maag van die walvis was vir drie dae en nagte, so sal die Seun van die mens in die hart van die aarde wees, drie dae en nagte."

168 Dan: "'n Bose en owerspelige geslag" moes 'n teken ontvang. Watter soort teken? 'n Teken van die opstanding. En ons het dit vandag, na tweeduisend jaar, lewe Hy steeds. Hy is onder ons, vanaand, dieselfde gister, vandag, en vir altyd, wat Homself identifiseer deur die karaktertrekke van God, wat die Woord manifesteer in hierdie dag wat Hy belowe het om te doen. Amen.

169 Daar is die Woord. Nou sal julle die teken glo, is die volgende ding, laaste dae, Sy identifikasie deur Sy Seun? Let op.

170 God het gespreek tot Moses in die ou tye. In die Deuteronómium 18:15, gesê: "Die Here julle God sal 'n Profeet soos ek oprig." Nou kyk. Dis die Woord. Dit is die Woord. Dit was God. Dit was nie Moses nie. Hoe sou Moses dit weet; hy was 'n mens? Maar God, wat gepraat het deur Moses, het dit gesê. Glo julle dit? Goed.

171 Nou hou Jesus dop, kyk hoe Sy—Sy karaktertrekke hierdie beloofde Woord as waar geïdentifiseer het. Hy het sekerlik. Hy is geïdentifiseer deur hierdie karaktertrek wat Moses gesê het Hy sou wees.

172 Baie van hulle, soos vandag, hulle wil 'n groot leier sien. "O, hierdie is Doktor Ph. *So—en—so*. Hy's uit Hartford Universiteit. Of, hy's uit een of ander yslike groot iewers soos daardie." Dis geen identifikasie van God nie. Nee, nee. Niks daarvan nie. Die Woord is wat God identifiseer. Sien?

173 Jesus was geen geleerde nie, ook was Hy nie 'n priester nie, ook was Hy nie 'n rabbi, vir die wêreld nie. Hy was 'n afvallige, vir die wêreld.

174 Maar God het Sy Woord deur Hom bevestig, wat Hom Emmanuel gemaak het. Dit was Sy identifikasie. Nou, hier, Jesus het presies nagekom wat God in ou tye gesê het Hy sou doen, deur Moses, wat Hy sou doen.

175 Nou kyk toe Hy Petrus ontmoet het, soos ons dit gedramatiseer het nou die aand, toe Hy Petrus ontmoet het en vir Petrus gesê het wat sy naam is. Hierdie teken het Sy Messiaanse aansprake geïdentifiseer, vir Petrus, want die Woord het gesê: "Die Here julle God sal 'n Profeet oprig."

176 En Petrus het nadergekom, wat toe Simon was, nadergekom na waar Hy was. En Jesus het na hom gekyk, gesê: "Jou naam is Simon, en jy is die seun van Jona." Dit het die karakter van Christus geïdentifiseer as daardie Woord wat Moses belowe het. Petrus het erken dat daardie teken Jesus as Messias geïdentifiseer het. "God was in Christus," die salwing vir die laaste dae. Aan Natánael . . . Onthou, Hy het vir Simon sy naam gesê.

177 Nou, kyk, aan Natánael het Hy gesê wat hy gedoen het. "Jy was onder die boom toe Ek jou gesien het." Dit het Hom as Messias geïdentifiseer.

178 Gesê: "U is die Seun van God. U is die Koning van Israel." Hy is geïdentifiseer deur die karaktertrek van die beloofde Woord dat Hy die Messias moes wees. "Die Here julle God sal 'n Profeet oprig."

179 Die vroutjie by die put, Hy het vir haar gesê wat sy was, en dit het Hom as hierdie beloofde Messias geïdentifiseer. Sien?

180 Sy karakter, Sy karaktertrekke, was die Woord wat geïdentifiseer is. Was sy karaktertrekke wat gewys het dat die Woord God was, so dit was God wat geïdentifiseer is in Christus. Nou hou dit dop. Let op.

181 Aan Petrus, Hy was geïdentifiseer aan Petrus deur sy naam te noem. Hy was geïdentifiseer aan Natánael deur vir hom te sê wat hy gedoen het. Hy was geïdentifiseer deur die vrou, deur vir haar te sê wat sy was. Wat hy . . . wie *hy* was; wat *hy* gedoen het; en wat *sy* was. Hy het Sy Messiaanse karaktertrek geïdentifiseer wat die karaktertrek van die Messias moes wees.

182 Kyk na die vroutjie wat dieselfde ding sê. "Meneer, ek sien dat U 'n profeet is. Ons het nie 'n profeet gehad vir honderde jare nie. Ons het baie kerk gehad, baie stryery en denominasionele verskil, maar ons het nie 'n profeet vir honderde jare gehad nie. Ons weet dat wanneer Messias kom, is dit wat Hom sal identifiseer."

183 Hy het gesê: "Ek is Hy, wat met jou praat." Niks onseker daaromtrent nie: "Ek is Hy." Dit het Hom geïdentifiseer.

184 Die vrou met die bloedvloeïng, het Hom as die Woord geïdentifiseer. Hoe? Deur wat Hy gedoen het toe haar geloof Hom aangeraak het. Hy het omgedraai en gesê: "Wie het My aangeraak?" Hy het geweet iets het gebeur. Dit het Jesus geïdentifiseer as Messias.

185 Sy het dit geglo, en sy het gesê: "As ek Sy kleed kan aanraak, sal ek gesond word."

186 So, so gou as wat sy aangeraak het, het Hy omgedraai, gesê: "Nou wie het My aangeraak?" En hulle het dit almal ontken. Maar Sy Messiaanse karaktertrek . . .

187 Amen! Ek hoop julle sien dit, die gemeente. Luister, soos ons afsluit.

188 Daar het sy Hom aangeraak. Daar was honderde, miskien, wat Hom probeer aanraak. Petrus het Hom selfs bestraf, gesê: "Wel, almal van hulle raak U aan."

189 Hy het gesê: "Ja, maar iemand het My anders aangeraak." Dis die verskil, daardie geloofsaanraking. Sien? Gesê: "Iemand het My aangeraak. Dit was 'n ander aanraking. Ek het swak geword. Krag het uit My uitgegaan. Deug het My verlaat." Nou, daar staan Hy.

190 Nou, selfs Sy Eie dissipel wat sê, met ander woorde: "U klink—U klink asof U een of ander misdadige persoon is. Wel, mense, almal raak U aan."

191 Kyk na Sy, kyk na Sy identifikasie nou. Hy het omgedraai, deur die skare gekyk. Hy het haar reguit uitgewys. Sy kon haarself nie langer versteek nie. Hy het haar vertel van haar toestand en gesê: "Haar geloof het haar gesond gemaak." Sy het geweet, hierdeur.

192 Daardie, Hebreërs 4:12: "Die Woord onderskei die gedagtes, sy oorlegginge van die hart." Sy karaktertrek het Hom geïdentifiseer as "die Woord van God wat vlees geword het en onder ons gewandel het." Amen.

193 Ek dink dieselfde ding identifiseer Hom vanaand, die opgewekte Jesus Christus wat onder ons lewe vanaand, dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Nou, soos Hebreërs 13:8 waar is, sal Sy karakter Hom vandag identifiseer, soos dit toe het, dieselfde manier.

194 Kyk na Kleopas en hulle, na die opstanding. Jesus het Homself geïdentifiseer op die manier wat Hy daardie brood gebreek het, dat Hy dit gedoen net soos Hy dit gedoen het voor Hy gekruisig is. En hulle. . .Dit het Sy karaktertrek geïdentifiseer, want dis hoe Hy dit gedoen het.

195 Nou as Hy hier was vanaand, hoe sou Hy Homself identifiseer? Net soos Hy het gister, want Hy's dieselfde vandag, en sal vir altyd wees. Dis die identifikasie. Hebreërs 4, veer—. . .14 en 15: "Hy is nou. . . " Sê: "Hy is ons Hoëpriester wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede." Hy is ons Hoëpriester op hierdie oomblik. Na Sy opstanding, na Sy dood, na Sy begrafnis, na Sy opstanding, na Sy hemelvaart, amen, bly Hy steeds dieselfde gister, vandag, en vir altyd, 'n Hoëpriester wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede. Amen. Hy is dit, op hierdie oomblik, vir elke man en vrou hier wat dit sal glo. Hy is ons Hoëpriester, dieselfde gister, vandag, en vir altyd.

196 Hy lewe vir ewig. Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Sy karaktertrekke wat Hom die heeltyd identifiseer as dieselfde as wat Hy was toe Hy op aarde gewoon het. Hy lewe steeds hier, vanaand, in die vorm van die Heilige Gees. Hy lewe vir ewig. En Sy karaktertrekke volg Hom, net soos dit altyd het, as Hy steeds lewe.

197 Ek is dankbaar, vanaand, dat: "God, in ou tye, en op verskillende maniere gespreek het tot die vaders deur die profete, in hierdie laaste dae deur Sy Seun Jesus Christus."

198 Goeiste, ek het nie geweet ek het so lank gepraat nie. Ek het vergeet dat dit so was. Ek is jammer. Ek sal net. . .Ek sal stop.

Laat ons bid.

199 Hemelse Vader, groot genadige God! Here, ek—ek. . . miskien praat ek te veel. Ek bid, God, as ek het, dat U my sal vergewe. Maar, Here, ek kan nie vergifnis vra vir wat ek gesê het nie. Ek het net gesê wat U in U Woord hier gesê het.

200 Nou net 'n woord of twee van U, Here, sal elkeen hier dit miskien sien vanaand. Die klein, siek mensies sal genees word, wanneer hulle sien dat U steeds ons groot Hoëpriester

is. Ek bid, Here, in hierdie volgende paar minute, dat U hierdie Boodskap weer sal laat lewe in werklikheid. Aan wat ek gesê het deur Woord, mag U karaktertrek U onder ons identifiseer, vanaand, dat U dieselfde is gister, vandag, en vir altyd, want dit is in Jesus se Naam wat ons dit vra. Amen.

201 Net 'n oomblik nou. Ons, ek—ek's net 'n bietjie laat, maar sal julle almal lank genoeg uithou om 'n klein gebedsrytjie te hê vir vyftien, twintig minute? As julle sal, steek julle hand op, sê: "Ons . . ." Goed, dank—dankie. Ek het belowe om julle uit te laat om nege—dertig. Dis nou so laat; dis twintig minute voor. So as julle net vir my omtrent tien minute gee, sal ek net opskud.

202 Laat ons sien, watter gebedskaarte het hulle vandag uitgegee? ['n Broer sê: "O."—Red.] O? Wat, waar het ons nou die aand begin, een, een? ["Ek dink dit was een."] Ja, uh—huh.

203 En toe het ons, gisteraand, ons net . . . die Heilige Gees . . . Ek het vandag geluister, en herhaal wat gesê is. Party van daardie Franse name, ek was . . . Die Heilige Gees; die enigste manier wat ek dit kon doen, net wag en kyk.

204 Sien, partymaal wanneer jy 'n visioen sien, moet dit omgedraai word en verklaar word. Dis geïnterpreteer. 'n Visioen, soos jy—jy 'n—'n skaap sou sien, dit kan wol beteken. Sien, jy moet ook die verklaring daarvan hê, sien, en daardie visioen omdraai en dit verklaar.

205 En ek het opgelet gisteraand, ek—ek kon nie daardie Franse name uitspreek nie, ek moes dit uitspel.

206 In Afrika en by daardie Hottentotte en heidene, en goed, sou Dit hulle name net moes uitspel, vir hulle sê wie hulle is, dit net uitspel in hulle taal. Hulle, hulle sou weet wat dit was, sodra jy dit uitgespel het. Maar, sien, maar Hy ken alle tale. Hy is die Ewige God.

207 Laat ons begin vanaand vanaf, laat ons sê, vyf—en— sewentig, tot 'n honderd, in O. Is O, is dit wat hy gesê het? Ek . . . ['n Broer sê: "Ja. O."] O, O. Ja. Goed. Wie het gebedskaart vyf—en—sewentig, laat ons dit sien? In O, gebedskaart O, vyf—en—sewentig, steek jou hand op, wie dit ook al het. O's. Goed. Kom reguit *hiernatoe*. Vyf—en—sewentig, tagtig, vyf—en—tagtig, negentig, vyf—en—negentig, 'n honderd, kom *hiernatoe* as julle sal. Goed, dis, staan in 'n ry net hier oorkant, sommer gou, want ons sal nie tyd hê nie. Ek gaan net vertrou dat julle dit gaan doen.

208 Kyk na jou gebedskaart. Kyk na jou buurman se gebedskaart. Wat 'n . . . En as iemand kreupel is, beweeg hulle reguit op in die gebedsry. So as hulle 'n O het, net soos O, . . . —sewentig.

209 Vyf—en—sewentig tot eenhonderd, staan in 'n ry net *hier* oorkant, as julle sal. Waar julle ook al is, in die balkonne, waar ook al, kom reguit af, en kom na die ry so vinnig as moontlik, as julle sal, om tyd te bespaar.

210 Nou die res van julle hier, wat nie 'n gebedskaart het nie, sal julle julle hande opsteek en sê: "Ek het nie 'n gebedskaart nie, Broer Branham, maar ek glo"? Steek julle hande op.

211 Nou onthou, ek gaan met julle praat oor die Hoëpriester. "Hy is n Hoëpriester wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede." Hy is *Jehova—Jireh*: "die Here se voorsiende offer." Hy is *Jehova—Rapha*: "die Here wat al jou krankhede genees." Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Hy is Jehova—Menasse. 'n *Omgording*, 'n *skild*, ons *vrede*, Hy is steeds. Wel, hoeveel glo dat al daardie verlossingsname van Jehova op Jesus van toepassing was? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Sekerlik, Hy moes wees. As Hy—as Hy . . . Wel, hulle is onafskeidbaar, so Hy moes almal van hulle wees. En as Hy steeds Jehova—Jireh is, is Hy Jehova—Rapha. As Hy Jehova—Jireh is . . . Hy's *Jehova—Jireh*, is "die Here se voorsiende offer vir verlossing," dan is Hy *Jehova—Rapha* wat "al ons krankhede genees." Amen. Genesing kan slegs deur God kom.

212 Goed, terwyl die mense oplyn; ek het nie tyd om te sien wie hulle is en wat hulle is nie. Maar nou, almal daarbuite wat weet dat ek julle nie ken nie, steek julle hand op, sê: "Ek het 'n behoefte aan God. Maar jy ken my nie, Broer Branham, maar ek het 'n behoefte aan God. Ek gaan net my hand opsteek."

213 Nou as julle net stilraak vir 'n paar minute, kyk, wees versigtig, wees stil. Nou ek bedoel nie, wanneer ek sê: "wees stil," . . . As die Here enigiets doen, wil julle die Here prys; dis aanbidding. Maar wat ek bedoel: "net rondhardloop, opstaan," julle weet, dis oneerbiedig. Sien? En die Heilige Gees is baie saggeaard, baie saggeaard. Sien? Net enigiets soos daardie, verlaat my net, en ek moet dan net veg, weer, sien. Maar as julle sal luister!

214 Onthou julle Sy eerste belofte? "Kry die mense om jou te glo en wees dan opreg, niks sal voor die gebed staan nie." Onthou julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Dis reg. En dis . . . Ek het dit nog nie sien faal nie, en dit sal nie faal nie. Dis God.

215 Nou ons wil opskud met die gebedsry, sodat ons soveel kan deurkry as wat ons kan, om die mense se ontwil. Maar julle wat gebedskaarte het en nie geroep is vanaand nie, hou jou kaart, ons gaan jou kry. Goed.

216 Nou julle daarbuite sonder gebedskaarte, onthou. Of, julle daarbuite, of julle gebedskaarte het of nie, glo net dat Hy is soos Hebreërs die 4de hoofstuk hier. "Hy is die Hoëpriester wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede." Kyk of Hy bly. Kyk of Jehova Homself voorgestel het onder Sy mense, soos Hy het by die dae van Sodom. Goed.

217 Goed, meneer. Laat ons nou bid, nou, wees baie eerbiedig. Nou onthou, 'n woord van God is meer as wat enigiemand

kan sê. Nou, hierdie man hier, ek—ek ken hom nie. En ek reken hy's . . . Jy's 'n vreemdeling vir my, is jy, meneer? [Die broer sê: "Ja."—Red.] Jy's 'n vreemdeling. Ons weet een ding, dat ons albei moet staan in die Teenwoordigheid van God eendag; as mense, ons moet Daar ontmoet. Hierdie is ons eerste ontmoeting.

218 Nou as jy hier kom, as jy siek is, ek weet nie; dit mag iets anders wees, sien. Maar as ek—as ek hande op jou gelê het, sê: "Prys die Here! Gaan, word gesond." Dis goed. Jy kon dit glo. Maar wat as Hy vir jou sê wat verkeerd is met jou? Nou, sien, dis anders, dan weet jy dit identifiseer Sy karaktertrek. Sien, dit sou nie my karaktertrek wees nie. Ek's 'n mens; ek sou niks van hom weet nie. Ek het hom so pas gesê: "Ek ken jou nie." Hy ken my nie. Maar wat sou dit doen? Dit sou die karaktertrek van Jesus Christus identifiseer dieselfde gister, vandag, en vir altyd. In die wete dat dit nie ek kan wees nie, nie ek kan wees nie, want ek nie die man ken nie. Ek sal my hand opsteek; *hier* is die Woord. Sien? Ek ken hom nie. Hy ken my nie. Maar die karaktertrek van Jesus Christus . . .

219 As Jesus hier gestaan het; en hy is siek. As hy sou sê: "Here Jesus, genees my." Wat sou Jesus vir hom sê? "Ek het dit alreeds gedoen." Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

220 "Vir ons ongeregtighede is Hy verbrysel; deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom." Al die verlossing wat ons ooit kan kry is afgehandel by Gólgota. Van daar af aan, is dit geloof, om die voltooide werk te glo. Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Goed.

221 Nou, nou as Jesus lewe, en ek het gepraat van Sy Woord . . . Daar het julle dit, terug na daardie eenvoud en geloof, Sy Woord te glo. Toe Hy my daardie aand ontmoet het, het Hy gesê: "Dit sal gebeur dat jy selfs die geheime van hulle hart sal ken. Hulle nie daardie eerste teken van die hand sal glo nie, sal hulle hierdie een glo. Sien? Hulle dit nie doen nie, dan vervloek bloed die aarde."

222 Net soos dit het in Moses se tyd. Gesê: "Nie daardie twee tekens wil glo nie, gooi dan bloed uit op die aarde. Sien, gooi water op die aarde, dit word bloed."

223 Nou net om uit te vind. As ek net kan sien wat jou probleem is, sal dit tevrede stel en jou laat glo, sal dit nie? [Die broer sê: "Sekerlik."—Red.] Jy weet dit sou die karaktertrek van die Persoon moes wees, Jesus Christus, waarvan ek praat.

224 Die man, soos ek pas na hom gekyk het, beweeg terug. Hy is geskadu. Daar is 'n ding wat medisyne nooit die man kan help nie. Hy's in 'n sterwende toestand. Dis reg. Hy het 'n operasie gehad, en die operasie was 'n prostaatoperasie. En dis kanker, en die kanker is regdeur jou versprei. As dit reg is, steek jou hand op. Net God kan hom genees. [Die broer sê:

"Halleluja! Halleluja! Halleluja!"—Red.] Maar, kyk, ek wil vir jou iets sê, meneer. Die duiwel mag weggekruip het vir die dokter se mes, maar hy kan nie wegkruip van God nie. Glo jy dit? Glo jy dit? ["O! O!"] Dan bid ek, dat in die Naam van Jesus Christus, mag die ding hom verlaat, mag die man lewe. Niks; net swak geword. Goed.

225 Ek en jy is vreemdelinge vir mekaar, 'n man en 'n vrou wat ontmoet. Nou, as 'n man, ken ek jou nie. En miskien, as 'n vrou, ken jy my nie; nie meer as wat jy net my naam gesien het, of foto, of so—iets nie. Maar ons ken nie mekaar nie. Dis ons karakters. Ons ken nie mekaar se karakter nie. Maar die karaktertrek van Christus, Hy is die Woord, en die Woord is belowe vir hierdie dag. Jy het my daarvan hoor praat. Dan sou Sy karaktertrek Hom hier identifiseer. Nie ek wat Hom identifiseer nie. Ek ken jou nie. Jy verstaan. Ons—ons gemeente verstaan dit. [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Sien? Ek's—ek's 'n man. Ek is net julle broer.

226 Soos die vrou by die put, sê iets wat verkeerd is, iets wat verkeerd is met jou, of wat jy wil hê, of waarvoor jy hier is. Laat God die beoordelaar wees daarvan. Jy ly aan bloedarmoede toestand. Dit is reg, is dit nie? [Die suster sê: "Ja."]

227 Ek—ek tref dit die heeltyd, iemand wat dink ek het dit geraai. Ek raai dit nie. Nee. Elke nou en dan voel ek dit, iemand. Jy kan nie nou jou gedagtes wegsteek nie. Nou daar is omtrent, ek weet, twee baie groot skeptici wat hier sit. Sien? So onthou nou ek kan jou naam ook noem, God kan, so hou op om dit te doen. Laat ek vir jou wys.

228 Kyk hier, dame. Kyk na my. Ek weet nie wat Hy vir jou gesê het nie, maar ek—ek weet wat Hy is. En dit is Sy karaktertrek wat geïdentifiseer is. Ja, dis bloedarmoede toestand, die bloed, water.

229 Nou, hier, hier is iets. Kyk of hulle dink dit is raaiwerk. Jy het 'n kind waarvoor jy bid, wat hier is. [Die suster sê: "Ja."—Red.] Dis reg. Dit het in sy keel, ["Ja."], mangels, adenoïede. Dis op vir 'n operasie. Is dit nie reg nie? ["Ja."] Neem daardie sakdoek en sit op dit, en glo. ["Ja."] Moenie twyfel nie. Dit sal nie 'n operasie nodig hê nie. Glo nou met jou hele hart.

230 Aangename kennis. Die ding is, vir hierdie vrou hier, dat jy bang is vir iets. Jy's bang dat 'n geboortemerk in kanker verander het. [Die suster roep uit: "O!"—Red.] Nou gaan, glo, en dit sal nie so wees nie. Gaan net, glo met jou hele hart. Karaktertrekke, nie van my nie; van Hom!

231 Glo julle nou? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Dit behoort almal te laat glo. ["Amen!"]

232 Nou, ek ken jou nie. Ek's 'n vreemdeling vir jou. God ken jou. Glo jy dit? Jy weet dat ek jou nie ken nie, en jy weet jy

ken my nie, so glo jy dat hierdie Gees wat praat nie my gees kan wees nie? Want, ek, as 'n mens, ek ken jou nie. Maar die karaktertrek van die beloofde Woord is die Woord wat skerper is as 'n tweesnydende swaard, en die gedagtes en oorlegginge van die hart onderskei.

233 Jy is baie siek. Jy het 'n vroueprobleem gehad, wat 'n baarmoeder was, en daardie baarmoeder het kanker. En jy het gegaan en een of ander soort behandeling ondergaan, dit was radiumbehandeling, en die enigste ding wat dit gedoen het is om dit regdeur jou te versprei. En jy sal—jy sal sterf as God jou nie genees nie. Dis waar. Glo jy nou dat Hy jou sal genees? [Die suster sê: "Ja."—Red.] Mag die God van die Hemel daardie duiwel bestraf wat weggekruip het van die dokter. ["O!"] Hy mag weggekruip het van radium, maar nie van die Heilige Gees nie. Gaan, glo Hom, nou, suster. Moet glad nie twyfel nie, maar glo. ["O God, genees my!"]

234 Glo jy dat God daardie asmatoestand kan genees, en jou gesond maak? [Die broer sê: "Ja."—Red.] Glo jy dit? Gaan dan op jou pad, blymoedig, sê: "Dank U, Here. Ek glo my asma is weg."

235 Aangename kennis. Jy's senuweeagtig. Jy was senuweeagtig vir 'n lang tyd. Daarbinne, het dit veroorsaak dat 'n peptiese maagseer in jou maag ontstaan, wat jou—jou maagprobleme gee. En jy wil . . . Wil jy jou aandete eet? Sal jy doen wat ek vir jou sê om te doen? Gaan, eet, in die Naam van die Here Jesus.

236 Glo jy met jou hele hart? [Die suster sê: "Ek glo."—Red.] Jy's 'n baie gawe jong dame, lyk so. Glo jy dat ek Sy dienaar is? ["Amen."] Glo jy Sy karaktertrek kan ook hier wees, die Woord, Self, en die belofte van hierdie dag: "Die werke wat Ek doen sal julle ook"? ["Amen."] Ek kan nie genees nie. Hy het dit alreeds gedoen; maar Sy karaktertrek vertoon Hom, kan sê wat verkeerd is met jou. Jy het 'n damesprobleem, vroueprobleem. [Ja, meneer."] Glo jy dat God dit nou genees? ["Ja." Amen."] Gaan op jou pad, dit sal jou nie meer pla nie. Glo met jou hele hart.

237 Glo jy dat ek Sy dienaar is? [Die suster sê: "Ja, meneer."—Red.] As God vir my sal sê wat jou probleem is, sal jy glo dis die karaktertrek van Jesus Christus? Dis in jou rug. Dit is nie meer nie. Gaan, glo met jou hele hart. Glo.

238 Kom, dame. Jy het ook maagprobleme. Glo met jou hele hart, en gaan eet jou aandete. Vergeet daarvan. Jesus Christus maak jou gesond.

239 Kom. Jou probleem is jou bloed, suikersiekte. Glo jy dat God jou sal gesond maak en jou daarvan sal genees? Gaan op jou pad en sê: "Dank U, Here Jesus," maak jou gesond. Gaan, glo met jou hele hart.

240 Kom. Jou rug, glo jy dat God die rug sal genees en jou gesond sal maak? Gaan op jou pad en juig, en sê: "Dank U, Here Jesus."

241 Jy het ook iets verkeerd gehad met jou rug. Hou net aan loop, sê: "Dank U, Here. Ek is genees." Glo dit met jou hele hart.

242 Jy het ook rugprobleme gehad. Nou toe nou? Glo dit nou met jou hele hart, en word gesond. Glo Jesus Christus maak jou gesond. "As jy kan glo, is alle dinge moontlik." Goed.

243 Wat as ek niks vir jou gesê het nie; net verbygegaan het en hande op haar gelê het, glo jy sy sou gesond geword het? Hulle sien wat verkeerd is. Glo jy sy sou? Kom hier. Ek weier hierdie duiwel, in die Naam van Jesus Christus. Mag die krag van God die kind genees. Amen. Moenie twyfel nie, moet glad nie twyfel nie, en sy sal gesond word. Glo met jou hele hart.

244 As God jou nie genees nie, sal jy op 'n kruk wees eendag, met artritis. Maar glo jy God genees jou artritis? Gaan dan, sê: "Dank U, Here. Ek glo U, en U maak my gesond." Goed.

245 Kom nou. Dis regtig jou ouderdom. Jy's baie senuweeagtig. Raak baie senuweeagtig, laat in die aand. Wanneer jy werk en alles, is jy baie senuweeagtig. Glo jy nou? Dit sal jou dan nie meer pla nie. Gaan op jou pad, sê: "Dank U, Here Jesus."

246 Kom, meneer. Glo jy dat God hartprobleme genees? [Die broer sê: "Ja."—Red.] Sal jou hart gesond maak? Hou net aan beweeg, sê: "Dank U, Here. Ek glo met my hele hart."

247 God genees TB, en maak gesond, ook. Glo jy dit, meneer, met jou hele hart? [Die broer sê: "Ek glo dit."—Red.] Goed. Gaan op jou pad en juig, sê: "Dank U, Here Jesus."

248 Wat van julle daarbuite, glo julle? Wat van die gehoor? Party van julle in die gehoor glo nou.

249 Hierdie man wat net hier sit, met brongitis, glo jy dat God die brongiale probleme kan genees? Goed, dan kan jy kry waarvoor jy gevra het. Amen.

250 Hoë bloeddruk, wat reg agter hom sit daar. Glo jy dat God jou hoë bloed sal genees? Dit het jou verlaat, meneer. Ek ken hom nie, nog nooit in my lewe gesien nie.

251 Sê, meneer, glo jy dat daardie spasmas in jou spiere, spanningspierspasmas, glo jy dat God dit sal gesond maak? Jy glo? Steek jou hand op as jy glo. Goed.

252 Jou vrou wat daar sit, sy's gepla met sinusprobleme. Glo jy dit verlaat jou, ook, suster?

253 Die dame wat reg agter ons sit daar, het neuritis. Glo jy dat God jou neuritis sal genees, dame?

254 Hier is 'n dame met 'n jassie aan, rooi jassie aan, hier. Sy sit daar. Sy het ook sinusprobleme. Glo jy dat God jou sinusprobleme sal genees? Steek jou hand op, as jy dit glo.

255 Enigiemand hierbinne wat glo dat die karaktertrekke van Jesus Christus onder ons is, vanaand, steek jou hand op, sê: "Ek glo dit." [Gemeente juig en sê: "Ek glo dit!"—Red.]

256 Almal wat hierbinne is, Hom sal aanvaar as jou geneesheer, staan op jou voete, en sê: "Ek glo dit." Staan op. Staan op, uit julle stoele, wat ook al dit is. Jesus Christus is dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Ek gee Hom aan julle, in die Naam van die Here God.

God Wat Homself Identifiseer
Deur Sy Karaktertrekke AFR64-0320
(God Identifying Himself By His Characteristics)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Vrydagaand, 20 Maart 1964, by Denham Springs Hoërskool, in Denham Springs, Louisiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2014 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
P.O. Box 178, Somerset West, 7129 Cape Province,
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org